



Vak: Graad 9 Afrikaans: Huistaal

Onderwerp: Afrikaans Huistaal: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 84 Punte

1. vredeliewend | oorlogsugtig

4 punte

Verduideliking:

Antonieme is **teenoorgesteldes** wat binne die **konteks** van die **sin** voorkom. Dit beteken die teenoorgestelde woord moet in die konteks van die sin pas.

'n Nasie wat graag in vrede woon, word **vredeliewend** genoem.

'n Nasie wat met almal wil oorlog voer, word **oorlogsugtig** genoem.

2. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Daar is 'n verskil tussen 'n **byvoeglike bepaling** en 'n **byvoeglike naamwoord**, maar albei beskryf die selfstandige naamwoord.

3. bywoordelike | gesegde

4 punte

Verduideliking:

Hierdie bepaling beskryf vir ons die **wyse, plek en tyd** van die **gesegde**.

4. twee | voegwoord

4 punte

Verduideliking:

Die eerste sin, noem ons die **hoofsin** en die sin daarna word die **neweskikkende hoofsin** genoem, omdat die sin op sy eie kan staan.

5. Karel drink skielik baie water, omdat hy 'n hoë suikertelling het. | Karel drink skielik baie water, 3 punte
omdat hy 'n hoe suikertelling het.

Verduideliking:

Die sinne word deur voegwoorde soos **en, maar, omdat** of **want** verbind.

6. waar

2 punte

Verduideliking:

Die agtervoegsel **“-loos”** beteken **“sonder”** en kan gebruik word om byvoeglike naamwoorde soos huis**loos** en kinder**loos** te vorm.

- Huisloos beteken om **sonder 'n huis** te wees.
- Kinderloos beteken om **sonder kinders** te wees.



Verduideliking:

Die **herhaling** van **vokale** in 'n versreël word **assonansie** genoem.

Die **herhaling** van **konsonante** in 'n versreël word **alliterasie** genoem.

Alliterasie kom voor:

- aan die **begin van woorde**, soos klik-klak
- in die **middel** (hakke, mekaar)
- aan die **einde** klik-klak) van woorde.

Klanknabootsing gebeur wanneer **woorde of letters** gebruik word om **geluide** weer te gee, byvoorbeeld die geluide van mense wat in malls koop:

- klieng die blieng
- klik-klak op mekaar se hakke.

Verduideliking:

'n **Vrye vers** het **nie**:

- 'n vaste rymskema nie
- leestekens nie.

Die **strofes en versreëls** van 'n vrye vers het ongereelde lengtes. Dit word dus aangedui as: abcd efgh.

Verduideliking:

Dit is 'n voorbeeld van **personifikasie**, want die menslike gedrag, **kerm**, word aan 'n voorwerp, die **kasregister**, gegee.

Nog voorbeelde van personifikasie, is:

- Die blomme **huppel** in die wind.
- Die maan **glimlag** vir ons.

10. D: is 'n sinoniem.

4 punte

Verduideliking:

Die woord, **druk**, het meer as **een betekenis**. Dit word **dieselfde gespel** en **klink dieselfde**.

Die betekenis van druk:

- 'n Boek word gedruk deur 'n drukpers.
- Jy druk iemand se **hand** wanneer julle groet.
- 'n Mens **beleef groot druk** wanneer jy baie dinge gelyktydig moet doen.

11. afkorting | woord

4 punte

Verduideliking:

'n **Akroniem** is 'n **letterwoord**. Dit is 'n woord wat gevorm word uit **letters** wat eintlik 'n **afkorting** is. Ons gebruik die **afkorting** dan as 'n **woord**.

12. komma

2 punte

Verduideliking:

'n **Komma** word slegs geplaas op 'n plek in 'n sin waar daar 'n **pouse** is.

Byvoorbeeld:

- **Nee**, ek weet nie waar sy is nie.
- **Nee**, ek wil nie staan nie.
- **Nee**, ek het haar nie gesien nie.

13. doof | hardhorend

3 punte

Verduideliking:

Dit mag dalk iemand se **gevoelens seermaak** om te sê dat hulle **doof** is, dus sal ons eerder sê dat hulle **gehoorgestremd** is.

14. onwaar

2 punte

Verduideliking:

- **Letternaamwoorde:** die name van die letters word gebruik om die woord uit te spreek.

Byvoorbeeld: *MIV* word uitgespreek as *em ie vee*

- **Letterklankwoorde:** die akroniem word soos enige gewone woord uitgespreek.

Byvoorbeeld: *vigs* (verworwe immunitetsgebreksindroom)



15. waar

2 punte

Verduideliking:

Die gebruik van **sommige eufemismes** hang grootliks af van die **sosiale konteks** waarin dit gebruik word – waar hulle die **behoefte** voel om woorde te **vervang** wat **verleentheid** sal veroorsaak.

16. skut | verskyn | bejammer | sanger

8 punte

Verduideliking:

Wanneer ons **afleidingsmorfeme** gebruik, word die **betekenis** van die woord verander.

Byvoorbeeld:

- Jy **skiet** met 'n geweer, maar iemand wat skiet word 'n **skut** genoem.
 - Die son **skyn** in jou oë, nadat dit agter die wolk **verskyn** het.
 - Jy is **jammer** vir iets wat jy verkeerd gedoen het, maar jy **bejammer** iemand wat in armoede lewe.
 - Die **sanger** hou daarvan om op Vrydaaande in die klub te **sing**.
-

17. waar

2 punte

Verduideliking:

Die **gesegde** is die deel van die sin wat die **handeling (aksie)** aandui.

18. D: partydigheid.

4 punte

Verduideliking:

Partydigheid is die **oneerlike bevoordeling** ten gunste van een ding of persoon in vergelyking met 'n ander; voortrekkery.

19. partydigheid

2 punte

Verduideliking:

Partydigheid is 'n onregverdigde **bevoordeling** van een persoon bo 'n ander.

20. Partydigheid | partydigheid.

3 punte

Verduideliking:

Partydigheid is 'n **oneerlike bevoordeling** ten gunste van een ding of persoon in vergelyking met 'n ander; **voortrekkery**.



21. onwaar

2 punte

Verduideliking:

As 'n sin met 'n **vraagteken** (?) eindig, begin ons die ontkennde sin met die woord "**NEE**".

Byvoorbeeld:

- Hou jy van die seun?
- **Nee**, ek hou **nie** van hom **nie**.

22. godsdien | godsdien.

3 punte

Verduideliking:

Verbindingsklanke of **voegsels** word slegs ter wille van die **uitspraak** gebruik en is nie 'n affiks wat selfstandige betekenis het nie.

Byvoorbeeld:

- god + diens = gods**d**ien
- duif + hok = dui**w**ehok
- brief + besteller = briew**e**besteller
- eik + boom = eik**e**boom
- by + korf = by**e**korf

23. dun, kraai

3 punte

Verduideliking:

Antonieme soos **dik** en **dun** en **kind** en **nog** en **kraai** is voorbeelde van **vaste antonieme**. Dit kom altyd in hierdie formaat voor.

Die betekenis van hierdie vaste antonieme, is:

- **Dik** en **dun** (wanneer dit goed gaan en wanneer dit sleg gaan)
- **Kind** en **nog** (nie enige kinders of diere nie - alleen)



24. B: **Geen** hemp pas by daardie broek **nie**.

4 punte

Verduideliking:

Sommige woorde verander in die **ontkennende vorm**.

As daar **twee woorde** in 'n sin is wat na die **negatief verander** moet word, verander ons slegs die **EERSTE woord**.

Byvoorbeeld:

- Alles / iets > niks ... nie.
- Almal / iemand > niemand ... nie.
- Altyd / ooit > nooit ... nie.
- **Enige / een > geen ... nie**
- Al > nog nie ...nie
- Nog > nie meer ... nie

25. C: Universiteit van Suid-Afrika

4 punte

Verduideliking:

Hierdie **soort afkorting** word as 'n woord gelees en uitgespreek.

Totaal: 84 Punte

